

Sondag 12 September

Skrifgedeelte: Titus 3:1-2	Fokusgedeelte: Titus 3:1
----------------------------	--------------------------

Onderwerp julle, want die owerheid het gesag

Wanneer Paulus hier aan Titus skryf, begin hy met “herinner”. Paulus kom sê as’t ware: Pas toe wat ek al voorheen aan julle geleer het. Paulus het waarskynlik reeds hierdie opdragte aan die mense van Kreta gegee toe hy saam met Titus daar was. Hy het reeds vir hulle gesê om nie deel te wees van die karakter van die stad nie, maar om ’n voorbeeld te stel aan almal. Maar waarin moet hulle die voorbeeld stel?

Paulus begin met die vyfde gebod: Onderwerp julle aan die owerheid en gesag. Die owerheid staan aan die hoof van die stad, onderwerp julle daaraan, want die gesag wat hulle het, kom van God af. Ons lees in Romeine 13:1: “Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.”

Verder moet julle gehoorsaam wees. Onthou net, om gehoorsaam te wees, is nie dieselfde as om myself te onderwerp nie. Julle moet gehoorsaam wees aan julle innerlike oortuiging. Wanneer die owerheid se opdragte in stryd is met die van God, moet julle onthou: “’n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!” (Hand. 5:29). Wees dan gereed om goed te doen. Wees anders as die “leuenaars, ongediertes en lui vrates” wat om julle is.

Bevind ons onself nie dikwels in dieselfde situasie nie? ’n Owerheid waarmee ons nie altyd saamstem nie, neem besluite wat in stryd is met die opdragte van die Here. Laat ons elkeen steeds onderdanig wees aan die owerheid wat oor ons gestel is, in opdrag van die Here God. Kom ons pas ook toe wat ons reeds gehoor het, deur anders te wees, gereed om die goeie te doen.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. HJ Coetzee (Herman) (Amanzimtoti)